TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: NGK PE SHERWOOD ..... **Sinode:** ***NG Kerk in Oos-Kaapland***

Belangrik
1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terug-voervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]
   - ☒ Kerkraad
   - ☐ Wyke
   - ☐ Kleingroepe
   - ☒ Lidmate: byeenkoms
   - ☐ Lidmate: individueel
   - ☐ Ander: .....

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
   - ☒ Ja
   - ☐ Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

1. Dit moet uitgeklaar word voor eenwording.

2. Belhar is nie in stryd met die Skrif nie. Dit is egter nie op dieselfde vlak as die Drie Formuliere van Eenheid nie. God is daar vir **almal,** nie net vir die armes nie. Hy is die God van Abraham, Isak en Jakob, wat beslis nie arm was nie.

5. Dit word gesê dat leraars of lidmate nie verplig gaan wees om die Belhar Belydenis te onderskryf nie, maar wat gebeur in die geval van teologiese studente wat hierna afstudeer? Word hulle verplig om die Belhar Belydenis te onderskryf? As dit die geval is, is hierdie slegs 'n rookskerm en kan ons ons nie daarmee vereenselwig nie.

   'n Vraag na aanleiding van Pt 2 van die Belydenis van Belhar – 1986.... "Die eenheid van Joh. 17 – is dit net 'n strukturele eenheid of kan dit ook verstaan word as die eenheid wat ons as Christene moet hê wanneer ons teen die verkeerde in die wêreld moet opstaan? Kan daar nie 'n verskeidenheid wees ter wille van eenheid nie?

Nuwe/ ander voorstelle?

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Is dit so dat ons moet saamsmelt?

Een Algemene Sinode wat bindende besluite kan neem is vir ons op hierdie stadium nie aanvaarbaar nie.

Kan 'n plaaslike gemeente werklik selfstandig funksioneer, weg van 'n Ring, Streek- of Algemene Sinode?

Kan die detail en praktiese implikasie van die Protestantse Kerk in Nederland eers nagevors word alvorens gemeentes besluite in hierdie verband moet neem volgens 2.9 van die Blouboek?

Kan 'n Tentatiewe Kerkorde opgestel word ten einde alle onduidelikhede uit die weg te ruim?

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Wat van die taal? Watter taal sal gebruik word? Tolke sal afbreuk doen aan byeenkomste. Dit is vir NGK lidmate baie belangrik om in hul eie taal bedien te word.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

NGKA en VGK moet self hul verskille uitklaar en tot versoening kom voordat die NGK tot die versoening toetree.

Versoening is belangrik en wanneer met versoening begin word, moet almal objektief wees.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

Lidmate is baie emosioneel oor die naam van die kerk en wanneer na die naam gekyk word, sal met baie groot omsigtigheid te werk gegaan moet word.

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055